Sondag, 27 Junie 2021

Hoop rym met huil- én heilsgeskiedenis...

"Israel, vestig jou hoop op die Here, want by die Here is troue liefde, by Hom is volkome bevryding..."
(Psalm 130*)*

Hemel en hel is ver verwyderd van mekaar, en tog op 'n sekere manier weer ook so naby aanmekaar. Is dit nie opmerklik hoe die helse kreet binne hoorafstand van die hemelse God in hierdie psalm verkeer nie? Die Credo waarna ons aandagtig weer geluister het tydens Pinkster, wys self hoe naby dit aan mekaar lê! Jesus Christus "wie ter helle neergedaal het", is ook die Een "wie opgevaar na die hemel". Sy hellevaart en hemelvaart kan ons onderskei, maar beslis nie skei nie. Dit is twee onderskeie sinne, maar tog onlosmaaklik verbonde, rug aan rug, teen mekaar.

God is vertroud met beide hierdie werklikhede, en vervolgens ook enige aansprake van 'n Bybelse spiritualiteit. 'n Spiritualiteit wat dit nie om beide die af- en die op-beweging het nie, kan dit self maar tereg afvra of dit nog enigsins as 'n spiritualiteit in beweging gesien kan word. Wie dit beswaarlik nie het om wat ook daaronder aangaan nie, kan beswaarlik praat en weet van wat daar bo aan die gang is! Bybelse spiritualiteit ken "the dark nights of the soul", ken krisis, ken duisternis – en so ook, en dalk selfs daarom, die ervaring van 'n nuwe dag wat breek, en 'n son van geregtigheid wat ons bestraal. Bybelse spiritualiteit wil ons in beweging bring met God, die geloofsgemeenskap, en die nood van die wêreld, en omgekeerd. Bybelse spiritualiteit, anders as die spiritualiteit van byvoorbeeld die oppervlakkige verbruikerskultuur, of van toksiese manlikheid en patriargie, of van die verblindende nasionaal demokratiese revolusie, ken van Berg-en-Dal ervarings, en natuurlik ook die omgekeerde van dal-en-berg ervaringe. Bybelse spiritualiteit, of 'n lewe in gebed, verenig in gemeenskap met God (en daarom ook God se wêreld/skepping), het dit om hoop en geskiedenis wat tog moet rym. Nog die hoop, nog die geskiedenis, kan van mekaar losgemaak word. Ons kan dit onderskei, maar nie skei nie. Trouens, op grond hiervan weet ons geskiedenis is nie net geskiedenis nie, of nog minder bedoel om uitgespreek en gespel te word as "geskeidenes", want by God is beide die dieptes sowel as die hoogtes van die geskiedenis bekend.

Bybelse spiritualiteit, waarvolgens ons weet ons leef met 'n oop en ontblote hart voor God, praat vervolgens graag oor die geskiedenis nie in neutrale of gestroopte of selfs verwyderde terme nie, maar van die geskiedenis as tegelykertyd 'n huilgeskiedenis sowel as 'n heilsgeskiedenis. Heil en huil klink baie dieselfde, maar jy spel dit verskillend en dit het verskillende betekenisse, en tog het die heilsgeskiedenis alles te make met die huilsgeskiedenis. Die hellevaart sou dit altyd om die hemelvaart gehad het.

Dít, en nog soveel meer, leef in die woorde van Psalm 130.

Dr. Martin Laubscher.

Hartlik welkom by ons erediens, gelei deur dr. Martin Laubscher en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Die erediens is vooraf opgeneem en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na alle lidmate uitgestuur.

LITURGIE

Verwelkoming
Wydingslied: Lied 42:1-3
Aansteek van die kers

Votum:

V: Ek wag op die Here; my siel wag, en ek hoop op sy woord.
G: By U, Here, is daar geen duisternis nie.
V: My siel wag op die Here meer as die wagters op die môre.
G: By U, Here, is daar geen duisternis nie.
V: O Israel, vestig jou hoop op die Here,
want by die Here is troue liefde,
by Hom is volkome bevryding.
G: By U, Here, is daar geen duisternis nie.
V: Eer en heerlikheid aan die Vader, die Seun, en die Heilige Gees.
G: By U, Here, is daar geen duisternis nie.

Seëngroet: Jes. 49:15-16a

Aanbiddingslied: Lied 578:1-3

Verootmoediging:

V: Uit die dieptes roep ek U aan, o Here!
G: Here, hoor my stem!
V: Laat u ore luister na die stem van my smekinge.
G: As U, Here, die ongeregtighede in gedagtenis hou,
Here, wie sal dan bestaan?
V: Maar by U is vergewing, dat U gevrees mag word.
G: Ek wag op die Here, my siel wag, en ek hoop op sy woord.
My siel wag op die Here meer as die wagters van die môre,
My siel wag op die Here meer as die wagters van die môre.
V: O Israel, wag op die Here,
want by die Here is die goedertierenheid,
en by Hom is daar veel verlossing;
Hy self sal Israel verlos van al sy ongeregtighede.

Dankseggingslied: Lied 245:1, 3

Epiklese
Skriflesing: Psalm 130
Prediking " ... *Hoop rym met huil- en heilsgeskiedenis ...*"
Toe-eiening: Lied 601: 5, 1.
Voorbidding

Uitsendingslied: Lied 509: 1,4
Seënbede

Met besondere dank aan dr. Johan Cromhout, Ampie Human, Danie Joubert, RW Adendorff, Hanlie Gouws (blomme), Adri van den Berg en Rita van Zyl vir jul bydraes om die erediens, die opnames en uitsending moontlik te maak.

Ander Eredienste:

Sondag, 4 Julie	09:30 – Ds. Jan Lubbe
Sondag, 11 Julie	09:30 – Ds. Jan Lubbe
Sondag, 18 Julie	09:30 – Ds. Jan Lubbe
Sondag, 25 Julie	09:30 – Teol.std. Lunette Visser

Ons eredienste – soos ons hele bediening – gaan weer gebuk onder nuwe inperkingsmaatreëls en ‘n verwoede derde vlaag van Covid-19, en moes ons noodgedwonge en versigtigheidshalwe besluit om die kerkdeure van Berg-en-Dal vireers toe te trek; ons sal hopelik op 1 Augustus weer met ‘n oggenddiens ín die kerkgebou, ‘n gesinsdiens in die saal, kategese en ‘n aanddiens (Taizé) kan hervat. Vir elke Sondagoggend tot 25 Julie word daar wel ‘n erediens vooraf opgeneem en per epos en via *You Tube*, *Facebook* en ons webblad na almal uitgestuur. Mag ons geloof so versterk word.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

27 Junie	Weyers Strydom, Rikus Viljoen en CJ de Jager.
29 Junie	Gloudine van Rooyen, Sarie Jooste, Christo Scheepers, Lynette Venter en Jacques van Wyk.
30 Junie	Menitza Gutter, Johann Oosthuizen, Pieter Maree en Michiel Voges.
01 Julie	Louwrens Badenhorst en Zelda Loots.
02 Julie	Emmerentia Strydom, Estelle Bock, Marco Reitz, Nicolene Claassens en Evert Potgieter.
03 Julie	Mara Horn.

Ons dink in hierdie dae van nood, in ons gebede aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Faan en Benita Hancke (Kiepersolpark 7, wyk 16); Johan Bloem en gesin (Diassingel 16, wyk 7b); Marlian Schutte (Mockestr. 20, wyk 9b); Pieter de Vos (Siësta); Conna Lups (Deanelaan 15, wyk 20a) en Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Ons bid vir almal wat onder hierdie pandemie ly, wat treur, wat moed nodig het, vir dokters en verpleegpersoneel. Mag God ons gebede hoor en uitkoms gee...

Ons innige meegevoel met Elizna Malan en familie (Louw Wepenerstr. 19, wyk 7c) – haar moeder is Donderdagaand oorlede. Mag daar vir hulle troos wees in hierdie dae...

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

‘n Mannegebedsgroep tree in vir ons gemeente, land en mense – die groep hervat weer wanneer ds. Johan terug is van verlof (22 Julie).

‘n Gemeentegebedsgroep bid gereeld saam oor aktuele sake vir ons land – kontak Elise Ferreira (082 846 2574) om meer inligting te ontvang.

Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep lees die *Brief van Clemens aan die Korintiërs*; as jy hierby wil inskakel, kontak ds. Jan (082 784 9362) en ontvang die inligting per foon.

Die Donderdagoggend-Bybelstudiegroep hervat ná die skoolvakansie weer.

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:
Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir ondersteuning of gesprek is, kontak gerus ds. Jan Lubbe – ds. Johan Marais is tans met verlof tot 20 Julie 2021.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee: In Julie staan **Wyke 5** (Westelike laer hang teen Grant's Hill) **en** 6 (Blok rondom Willem Postma Laerskool) in vir ons bediening van gasvryheid, sorg en omgee – indien jy wil help, kontak gerus die kerkkantoor of Rita (083 656 1680). **Baie dankie aan Wyke 3 en 4 vir jul groot hulp deur Junie!**

Kantoorure: Tot 1 Augustus 2021 is die kerkkantoor slegs op Maandae van 09:00-12:00 (Rita van Zyl) en Vrydae van 09:00-12:00 (Adri van den Berg) geopen. Personeel is wel deurgaans per foon of epos bereikbaar. Ons verhuringsaktiwiteite skaal ook af.

BEDIENINGE

GEMEENTE- EN GETUIENISBEDIENING
Vir die volgende wintersweke vat ons hande in die verligting van nood: **Komberse & beddegoed** kan na die kerkkantoor gebring word; ons versprei dit na Tweetoringkerk en ENGO; die **"Bottels vol Hoop"** met 'n gesonde sopmengsel kan ook gebring word – meng tuis of bring bestanddele; ons versprei na verskillende punte van hulpverlening.

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES

Erediens- en deurkollektes, saam met u dankoffer, hou ons eredienste en bedieninge in stand, help met noodleniging en betaal ons ook elke Sondag 'n bedrag van R 500 oor aan die instansie soos op die program vir deurkollektes vermeld (Vandag, 27 Junie: Fonds vir Gemeente Uitbreiding).

Jy kan 'n kollekte of dankoffer na Berg-en-Dal oorbetaal, via die internet (eft) na **ABSA Tjekrek. 470-580-011** of per snapscan –
Baie dankie vir jou bydrae en gebed, en leef met ons visie:

Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig...

AKTUELE SAKE

POPI- en voorgestelde PEPUDA-WETGEWING:
Ons is besig om die POPI-wet (beskerming van persoonlike inligting) te implimenteer en môre bespreek die Dagbestuur omstrede voorstelle oor wysigings aan die PEPUDA-wet (oor die beskerming teen diskriminasie). Vir betroubare inligting oor PEPUDA, gaan na https://kerkbode.christians.co.za/2021/06/24/pepuda/ of die NGK Waverley se blad (https://ngwaverley.co.za). In beide gevalle gee die Sinodale Kerkkantoor ook goeie leiding, en hou ons u op hoogte van verdere besluite en prosedures hieroor.